# HOOFSTUK 11 – DIE RUIMTE

**SIKLUS 11: WEEK 1 & 2**

## LES 1: LUISTER EN PRAAT

GROEPBESPREKING

Gesels in die klas oor die wêreldbekende Mark Shuttleworth.
Doen navorsing oor hom en beantwoord die vrae.



*Foto: timeslive.co.za*

**VRAE:**

1. Wie is Mark Shuttleworth?
2. Wat is sy tweede-naam?
3. Wanneer is hy gebore?
4. Waar is Mark gebore?
5. Waarvoor het hy groot beroemdheid in Afrika verwerf?
6. By watter skool was hy hoofseun?
7. Waar het hy studeer?
8. Waar woon hy tans?



## LES 2: LUISTER EN PRAAT
GROEPBESPREKING

Gesels oor ons planete.  Hoeveel planete is daar?  Ken jy die rympie om die planete te onthou? Skryf dit hier neer.


| RYMPIE | PLANEET |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Het jy geweet dat Pluto nie meer as 'n planeet geklassifiseer kan word nie?  Vind uit hoekom nie.

Skryf jou bevinding hier neer.

| |
|---|
| |
| |
| |

Kyk na die onderstaande skets en beantwoord die vrae.



**VRAE:**

1. Watter planeet is die naaste aan die Son?
2. Die hoeveelste planeet is die Aarde vanaf die Son?
3. Watter planeet het groot ringe om?
4. Noem twee dwergplanete wat in die ruimte voorkom.
5. Voltooi: Mars staan ook as die _______________ planeet bekend.
6. Watter planeet is die kleinste planeet?
7. Watter planeet is die grootste planeet?
8. Hoeveel planete is daar altesaam?
9. Watter een is jou gunstelingplaneet? Hoekom?
10. Waarvoor staan die planeet, Venus, bekend?

## LES 3: LEES EN KYK

LEESBEGRIP

Lees die artikel wat handel oor sterretekens. Beantwoord die vrae wat volg.

**STERRETEKENS**

Leer meer oor jou zodiac-teken en leer meer van jou persoonlikheid, liefdeslewe, loopbaan en nog baie meer. Astroloë glo dat die sterreteken van 'n persoon hom spesiale karaktertrekke gee. Watter eienskappe van die sterretekens definieer jou die beste? Kom ons vind uit wat jou sterreteken vir ons van jou ware karakter vertel.



**Ram** (Aries) 21 Maart tot 19 April - Die Ram duik diep in moeilikste situasies in, is vol ambisie en het 'n dapper stap. Dit is nie verbasend dat hulle eerste op die lys van Zodiac-tekens is nie, want die Ram hou daarvan om nommer een te wees.



**Bul** (Taurus) 20 April tot 20 Mei - Die Bul-teken word verteenwoordig deur 'n bul. 'n Bul word beheer deur Venus - 'n planeet wat verband hou met liefde, skoonheid en rykdom. Dit maak die teken van die Bul een van die mees sinvolle tekens: enige uiterlike voorstelling van gemak en luuksheid fassineer hulle. Vir die Bul is geluk 'n moet en wanneer hulle gemaklik is, voel hulle regtig gelukkig.

**Tweeling** (Gemini) 21 Mei tot 20 Junie - Tweelinge word ook valslik beskou as tweegesigte as gevolg van hul dubbele aard. Die Tweeling is eintlik baie deursigtig en eerlik. Hul dualiteit lê in die speelse karakter van hul jeug, met talle passies, stokperdjies en beroepe. In kommunikasie is die tweeling baie oop - hulle kan gesels oor enigiets met enigiemand.



**Kreef** (Cancer) 21 Junie tot 22 Julie - Kreef balanseer die see en land en dikteer die kapasiteit van hierdie teken. Lede is in beide die geestelike en die materiële sfere. Krewe is baie intuïtief, baie omgewingsbewus en baie waaksaam en ook geslote.



**Leeu** (Leo) 23 Julie tot 22 Augustus - Die konings en koninginne van die stedelike oerwoud is verteenwoordigers van hierdie energieke teken. Leeus geniet dit om in prag te lewe en die onderwerp van aandag. Hulle is lief vir vriende en liefdesverhoudings, maar met een voorwaarde - dat hulle altyd lei.



**Maagd** (Virgo) 23 Augustus tot 22 September - Die Maagd word tradisioneel uitgebeeld deur die godin van landbou. In hul benadering tot die lewe is Maagde rasioneel, realisties en sistematies. Hierdie teken van die aarde is 'n perfeksionis en deur ywerige en gereelde oefening is hulle nie bang om hierdie vermoëns te versterk nie.



**Weegskaal** (Libra) 23 September tot 22 Oktober - Balans word gekorreleer met die Weegskaal as 'n entiteit. Weegskaalvroue in alle vlakke van die lewe is gefassineer met simmetrie en poog om 'n balans te bou. Terselfdertyd is hulle versierders en fynproewers van alles wat pragtig is en word oorheers deur Venus. Vir Weegskale, wat waarde vind in goed gebalanseerde kommunikasie, is verhoudings van die uiterste belang.



**Skerpioen** (Scorpio) 23 Oktober tot 21 November - Een van die mees ingewikkelde tekens van die zodiac is die Skerpioen. Dit staan verkeerdelik bekend as 'n simbool van vuur as gevolg van die enorme ywer en sterkte van die Skerpioen. 'n Skerpioen is eintlik 'n simbool van water en kry sy invloed van die bonatuurlike en emosionele ryk.



**Boogskutter** (Sagittarius) 22 November tot 21 Desember - die Boogskutter is altyd op soek na kennis. Hulle streef na geografiese, intellektuele en geestelike avonture. Die Boogskutter word geregeer deur Jupiter - planeet van voorspoed, spiritualiteit en oorvloed. Boogskutters is fantastiese storievertellers. Met soveel reise op hul kerfstok, kan hulle elke kamer verlig met hul opwindende stories en aansteeklike lag.



**Steenbok** (Capricorn) 22 Desember tot 19 Januarie - In beide die materiële en die emosionele heelal kan Steenbokke met dieselfde kreatiwiteit rondbeweeg. Hulle versit die steilste berge en gebruik hul krag om alle hindernisse te oorkom en laat hulself nie toe om van voor af te lei nie.



**Waterdraer** (Aquarius) 20 Januarie tot 18 Februarie - Een van die mees menslike tekens van die stryd om die geluk van die hele mensdom, is die Waterdraer. Hulle is rebels van hart en verag alles wat die gewone is. Hul unieke gevoel van styl, ongewone stokperdjies en nie-ooreenstemmende houding teenoor die lewe, kan by vrygewige en eksentrieke Waterdraervroue erken word.



**Vis** (Pisces) 19 Februarie tot 20 Maart - Met 'n sensitiewe en dromerige natuur, het Visse toegang tot die kollektiewe eienskappe van al die sterretekens en is baie kreatiewe mense. Hulle het positiewe eienskappe soos vriendelikheid en sagtheid. Hulle verkies om deur 'n rooskleurige bril na die wêreld te kyk.



Nikki Marais, Briefly

**VRAE:**

1. Wat is 'n ander naam vir "sterreteken"?
2. Wie glo dat 'n sterreteken van 'n persoon, aan hom/haar spesiale karaktertrekke gee?
3. Watter sterreteken kan die moeilikste situasies hanteer?
4. Watter dier verteenwoordig die sterreteken "Bul"?
5. Voltooi die sin: Venus staan bekend as die planeet van ________________, ________________ en ________________________.
6. Is 'n "Tweeling" iemand met wie mens maklik kan kommunikeer? Motiveer jou antwoord.
7. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer. Die sterreteken "Kreef" is Suid-Afrikaners wat in die (somer / winter) verjaar.
8. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer. Die sterreteken "Leeu" is gebore (leiers / volgers).
9. Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die letter langs die nommer neer.
   Die "Maagd" is iemand wat baie perfeksionisties is. Dit beteken dat:
   A. alles in orde moet wees.
   B. dinge maar deurmekaar kan wees.
   C. hulle altyd reg is.
   D. hulle lyk altyd mooi.
10. Voltooi die sin: Mense wat tussen 23 September en 22 Oktober verjaar, is 'n ______________.
11. Watter sterreteken se persoonlikheid sal vir jou die beste stories om 'n kampvuur vertel?
12. Wat sal jou sterreteken wees as jy op Nuwerjaarsdag verjaar?
13. Die volgende stelling is WAAR. Motiveer waarom dit waar is.
    Die persoon wat 'n "Waterdraer" is, hou nie van reëls nie, en rebeleer graag teen wat gewoon is.
14. Watter skoolvak sal die beste by 'n "Vis" pas? Hoekom sê jy so?
15. Wanneer verjaar jy? Wat is jou sterreteken?
16. Dink jy dat die bogenoemde beskrywing van jou sterreteken, jou goed beskryf? Motiveer jou antwoord.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

## LES 4: LEES EN KYK

### LETTERKUNDE: POËSIE

Lees die gedig Soekend en beantwoord die volgende vrae.

**SOEKEND** - *Anoniem*

Deur die Hemelruim
wil ek sweef,
tussen Sterre heen beweeg
Planeet na Planeet
deurkyk,
soekend
na jou my lief.

Hier op aarde kry ek jou nie
my lief,
Berge, dale en vlaktes
het ek deurkyk.
Roepend!
soekend,
luisterend
of ek nie dalk jou stem hoor.
Alles tevergeefs my hartedief nêrens is jy te vind.

Ek wend my na die Hemelruim
langer gaan ek nie versuim.
Soekend
deur die onmeetlike grootheid.
Soekend
na my geesgenoot,
sielsgenoot,
om my broosheid
eensaamheid
laggend
te heel.

Jy wat my kan laat lag,
my eensaamheid verdryf,
my leë hart sal volmaak,
dis vir jou wat ek soek.
Sodat my Beste maat
my liefde kan opraap.

Soekend
in die grote heelal,
van Jupiter na Saturnus,
Mars verby na Venus,
agter die Son verby soek ek
êrens sal ek jou bemerk.



40. Soekend na my sonskynmens
41. om die eensaam mens
42. in tweesaam mens
43 te omskep.

44. En as ek jou vind,
45. sal ons tussen sterre dans,
46. op die maat van 'n wals.
47. Op die maan sal ons ry,
48. laggend deur die hemelruim gly.
49. Om die Son sal ons huppel
50. anderkant verby nog trippel.

51. Ons sal nie weer terugkeer
52. tussen sterre
53. en planete
54. sal ons reisend
55. die Hemelruim deurkruis.
56. Net ek en jy,
57. ons twee
58. sal ons liefde,
59. deur die heelal vee,
60. tot ons êrens
61. in 'n ander Sonnestelsel,
62. 'n nuwe woonplek sal vind
63. waar rus en vrede wink.



**VRAE:**

1. Waarna verwys die titel?
2. Na wie soek die spreker?
3. Waar soek hy na hierdie persoon, volgens strofe 1?
4. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer. Volgens strofe 2 soek die spreker na die persoon (op land / in die see).
5. Watter woord rym met "roepend"?
6. Watter sintuig word in versreël 14 en 15 gebruik?
7. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer. Die woord "versuim" in versreël 18 beteken (om iets te doen / om iets nie te doen nie).
8. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer. Volgens strofe 3 soek die spreker iemand om sy 'eensaamheid' te heel, wat beteken dat hy (alleen / gelukkig) voel.
9. Watter planete word in die gedig genoem?
10. By watter planeet dink jy, sal 'n mens gaan soek vir 'n geliefde? Motiveer jou antwoord.
11. Verduidelik die verskil tussen 'n "eensaam mens" en "tweesaam mens".
12. Watter tipe dans sal die spreker en die ander persoon dans as hulle mekaar vind?
13. Watter WOORD in versreël 48 wys dat die spreker gelukkig sal wees?
14. Dink jy hier word van 'n liefdesverhouding of 'n vriendskapsverhouding gepraat? Motiveer waarom jy so sê.

## LES 5 & 6: SKRYF EN AANBIED

LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### ONDERHOUD

**WENKE**

- Vra oop vrae sodat die persoon met wie die onderhoud gevoer word, kan uitbrei op hul antwoord, bv. "Hoe was jou ervaring en hoekom het jy dit gedoen?"
- Tipe vrae:
  - Wat? Wie? Waarom? Wanneer? Waar? Hoe?
  - Wat was die oorsaak/gevolg van wat voorheen gebeur het?
  - Wat is die uiteinde/gevolge?
  - Wat was positief/negatief?
  - Hoe voel jy daaroor?
  - Wat was interessant?
  - Sal jy dit weer doen?
  - Wat het jy hieruit geleer?
  - Watter les kan jy aan ander leer?

**ONTHOU**

- Die spelling van die name en vanne is belangrik.
- Maak seker oor die persoon se titel; meneer, mevrou, mejuffrou, professor, doktor.
- Hou die vrae interessant en relevant.
- Doen deeglike navorsing sodat jy weet waarvan jy praat.
- Begin die onderhoud met 'n stelling sodat mense weet met wie die onderhoud gevoer word.
- Dit kan formeel of informeel wees, afhangende van die persoon se status.
- 'n Persoon van hoë status, word as u aangespreek.
- Inligting moet logies en in volgorde wees.
- Skryf in die teenwoordige tyd.

**FORMAAT**

- Kort titel/opskrif.
- 'n Subtitel kan gegee word.
- Laat 'n reël oop.
- Voorstelling van die persoon met wie die onderhoud gevoer word asook wie die onderhoudvoerder is.
- Skryf vraag (reël oop), antwoord (reël oop) ens.
- Die slotparagraaf moet die onderhoud saamvat.

**OPDRAG:**

Jy het die groot voorreg gehad om 'n onderhoud met Mark Shuttleworth te voer. Skryf 'n geskrewe onderhoud van **140-160 woorde** neer. Onthou om 'n titel te gee.

03 Termyn

## LES 7: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Homonieme
- Homofone

## HOMONIEME

Homonieme is woorde wat dieselfde gespel word, maar 'n verskillende betekenis het. (It has the same spelling but different meanings.)

| | | |
|---|---|---|
| **laat** | (late, allow) | Dit is laat in die aand. (It is late in the evening)<br>Hy laat die kinders toe om te raas.(He allows the children to make a noise) |
| **lui** | (rings, lazy) | Die klok lui. (The bell rings)<br>Hy is lui en doen nie sy werk nie. (He is lazy and does not do his work) |
| **duur** | (expensive, duration) | Die trui is duur daarom kan hy dit nie koop nie. (The jersey is very expensive therefore he cannot buy it)<br>Die duur van die vraestel is twee uur. (The duration of the paper is two hours) |
| **hou** | (punch, hold, like, stop) | Hy het my geterg, toe gee ek hom 'n hou. (He teased me, then I gave him a punch)<br>Ek hou my koeldrank vas. (I hold my cooldrink)<br>Ek hou van jou daarom gaan ek met jou uit. (I like you that is why I am going out with you)<br>Hou op om my te slaan! (Stop hitting me) |
| **by** | (at, by, bee) | Die by het my gesteek. (The bee stung me)<br>Ek is by die skool. (I am at school/I am present at school)<br>Ek staan by hom. (I stand near/by him)<br>Ek het tien rand by my. (I have ten rand on me) |
| **les** | (lesson, quench) | Hy gee ons 'n les in Afrikaans (He gives us a lesson in Afrikaans)<br>Hy les sy dors deur water te drink. (He quenches his thirst by drinking water). |
| **leer** | (ladder, learn, teach, leather) | Hy klim op die leer. (He climbs up the ladder)<br>Ek leer 'n les. (I learn a lesson)<br>Die skoen is van leer gemaak. (The shoe is made of leather)<br>Ek leer hulle Afrikaans. (I teach them Afrikaans) |
| **kweek** | (cultivate, foster, Couch grass) | Hy kweek plante. (He grows/cultivates plants)<br>Kweek is 'n soort gras. (Couch grass is a type of grass)<br>Hy kweek goeie verhoudinge met sy onderwysers (He fosters good relations with his teachers) |
| **wees** | (to be, orphaned) | Jy moet geduldig wees. (You must be patient)<br>Sy ouers is dood, nou is hy wees. (His parents are dead, now he is orphaned) |

| | | |
|---|---|---|
| **al** | (all, still, already, only one, even if) | Al die kinders was daar. (All the children were there)<br>Al is jy slim, moet jy steeds leer. (Although you are clever, you still have to learn)<br>Ek is al agtien. (I am already eighteen.)<br>Hy is al een in die klas, want die ander leerders is by die huis. (He is the only one in class, because the other learners are at home).<br>Ons sal die wedstryd speel al reën dit. (We shall play the match even if it rains.) |
| **hard** | (hard, loud) | Die musiek is hard in die taxi. (The music is loud in the taxi)<br>Die bal is hard daarom het dit die venster gebreek. (The ball is hard, therefore it broke the window)<br>Ek val hard op die grond. (I fell hard on the ground) |
| **toon** | (toe, tone, produce) | Die toon van jou stem is hoog. (The tone/pitch of your voice is high)<br>My toon het gebreek toe ek die bal geskop het. (I broke my toe when I kicked the ball)<br>Jy moet jou rybewys toon wanneer die polisie jou stop. (You must produce your drivers license when the police stops you) |
| **goed** | (good, well, stuff, things, properly) | Dit gaan goed met my. (I am well)<br>Hoeveel goed het jy in jou tas? (How much stuff do you have in your case?)<br>Jy moet die werk goed doen. (You must do the work properly) |
| **mis** | (miss, mist, manure, dung) | Die mis in die stad maak dit moeilik om te sien. (The mist in the city makes it difficult to see)<br>Ek skop die bal mis. (I missed the ball)<br>Mis laat die gras groei. (Manure makes the grass grow) |
| **gehoor** | (audience, hearing, heard) | Hy het die man gehoor sing. (He heard the man sing)<br>Die gehoor het hande geklap. (The audience clapped hands)<br>As jy oud word, raak jou gehoor swak. (When you get old, your hearing gets weak.) |
| **lewer** | (liver, produce, furnish, do, supply, deliver) | Baie mense eet nie lewer nie. (Many people do not eat liver.)<br>Ons maatskappy lewer 'n diens. (Our company delivers a service.)<br>Hulle lewer goeie werk. (They produce/do the work well)<br>Hulle lewer die goedere af. (They deliver the goods.) |
| **weer** | (again, weather) | Die weer lyk sleg op die berg, want dit reën. (The weather looks poor on the mountain because it is raining)<br>Roy is weer laat, daarom kry hy detensie. (Roy is late again, that is why he gets detention.) |

| | | |
|---|---|---|
| **blaas** | (blow, bladder, blister) | Die leerling se blaas is vol; dus moet hy badkamer toe gaan. (The learner's bladder is full, that is why he must go to the bathroom)<br>Die musikant blaas sy trompet. (The musician blows his trumpet)<br>Sy het 'n blaas op haar toon van die nuwe skoene. (She has a blister on her toe from her new shoes) |
| **ken** | (know, chin) | Hy ken nie sy werk nie, daarom gaan hy druip. (He does not know his work, that is why he will fail)<br>Ek het hom op sy ken geslaan. (I hit him on his chin) |
| **prys** | (prize, price, praise, reward) | Almal het 'n prys gewen. (Everybody won a prize)<br>Die prys van skoene, is duur. (The price of shoes is expensive)<br>Die onderwyser prys die seun vir sy goeie werk. (The teacher praises the boy for his good work) |
| **net** | (net, simply, only, just, alone) | Hy vang die vis met die net. (He caught the fish with the net)<br>Daar is net twee dae oor voor die eksamen. (There are only/just two days left before the exams)<br>Net hy was daar. (Only he was there) |
| **lyk** | (corpse, look, seem) | Die lyk is begrawe. (The corpse has been buried)<br>Sy lyk mooi. (She looks pretty)<br>Dit lyk asof hulle gaan druip.(It seems as if they are going to fail) |
| **ry** | (ride, row, line, queue) | Hy ry die fiets. (He rides the bicycle)<br>Hulle staan in 'n ry by die snoepwinkel vir kos. (They stand in line at the tuck shop for food) |
| **meer** | (more, lake) | Daar is meer sinne om te skryf. (There are more sentences to write)<br>Hulle seil op die meer. (They sail on the lake.) |
| **keer** | (prevent, turn, time) | Ek keer dat hy die seun klap. (I prevent him from slapping the boy)<br>Elke keer as ek kyk, is Paul laat. (Every time I look, Paul is late). |
| **bly** | (glad, stay, live) | Ek is bly dit is Vrydag. (I am glad it is Friday)<br>Ek bly by my ouers. (I stay/live with my parents)<br>Ek bly besig, dus kan ek nie rus nie. (I stay busy, therefore I cannot rest.) |

**OEFENING:**

Maak tien van jou eie sinne met die bogenoemde woorde sodat die betekenis duidelik blyk.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

## HOMOFONE

Homofone is woorde wat dieselfde klink, maar dit verskil in spelling en betekenis. (It sounds the same but the spelling and meaning differ.)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| lid – member<br>lit - joint | ryk – rich<br>reik – reach out | hard – hard<br>hart - heart | maer – thin<br>maar - but | moed – courage<br>moet - must |
| rys – rice<br>reis - travel | wy – dedicate<br>wei - graze | swaar – heavy<br>swaer – brother in law | hael – hail<br>haal - fetch | eis – claim<br>ys - ice |
| nood – in need<br>noot – note (music/money) | rand – edge<br>rant – rand (money) | vee – sweep<br>fee - fairy | voet – foot<br>voed - feed | leuen – a lie<br>leun – lean against |
| lei – lead<br>ly - suffer | styl – style<br>steil - steep | graat – fish bone<br>graad - degree | wed – law<br>wet - bet | |

**OEFENING:**

Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.

1. Dit is 'n eer om 'n (lid/lit) van die skool se koor te wees.
2. As die (lid/lit) van jou vinger beseer is, kan jy nie jou vinger buig nie.
3. Mense wat (ryk/reik) is, kan enige soort motor bekostig.
4. Hy was besig om te (ryk/reik) na die bal, maar kon dit nie raakvat nie.
5. Die bal was baie (hard/hart) en het die venster gebreek.
6. Die man se (hard/hart) het gaan staan en hy is dood.
7. Die hond kry te min kos, daarom is hy (maer/maar).
8. Jy mag gaan, (maer/maar) moet eers jou huiswerk doen.
9. 'n Mens het (moed/moet) nodig om tussen haaie te swem.
10. Julle (moed/moet) baie hard werk, anders gaan julle graad 8 druip.
11. Kerrie en (rys/reis) is lekker om te eet.
12. Om oorsee te (rys/reis) kos baie geld.
13. Baie ouers (wy/wei) nie genoeg aandag aan hulle kinders nie, daarom is hulle so onbeskof.
14. Skape moet elke dag (wy/wei) om vet te word.
15. Die gewig was baie (swaar/swaer); daarom kon hy dit nie optel nie.
16. Sy (swaar/swaer) is met sy suster getroud.
17. Hy gaan (hael/haal) sy boek uit die toesluitkassie.
18. Gedurende die storm, het die (haal/hael) groot skade aangerig.
19. Die versekering het die (eis/ys) vir die skade betaal.
20. Baie mense gebruik (eis/ys) om koeldrank af te koel.
21. Hy het vir die parkering met 'n R10 (noot/nood) betaal.
22. As jy in die (noot/nood) is, moet jy 911 skakel.
23. Ons betaal duur vir ons brandstof omdat die (rand/rant) min werd is.
24. As jy op die (rand/rant) staan, kan jy ver oor die vlaktes kyk.
25. In sprokies, is daar dikwels 'n (vee/fee) wat mense help.

26. Gedurende die droogte, het baie (vee/fee) van die honger gesterf.
27. 'n Mens moet kinders met gesonde kos (voet/voed), anders raak hulle siek.
28. Sy (voet/voed) het seergekry toe hy die bal geskop het.
29. Skelms vertel dikwels 'n (leun/leuen) om uit die tronk te bly.
30. Sy was baie moeg en moes teen die muur (leun/leuen) om regop te kan bly.
31. Die siek man (ly/lei) aan suikersiekte.
32. Die kaptein van 'n sportspan moet die span (ly/lei) om 'n goeie wedstryd te speel.
33. Sommige mense hou baie van die skilder se (steil/styl).
34. Die bult is (steil/styl); daarom kon die motor nie daarteen uitkom nie.
35. As 'n mens vis eet, moet jy versigtig wees dat jy nie aan 'n (graat/graad) verstik nie.
36. Sy het 'n (graat/graad) aan die universiteit verwerf.
37. As jy nie 'n (wet/wed) gehoorsaam nie, kan jy tronk toe gaan.
38. Baie mense (wet/wed) geld op die uitslag van perdewedrenne en verloor baie geld.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | 14 | | 27 | |
| 2 | | 15 | | 28 | |
| 3 | | 16 | | 29 | |
| 4 | | 17 | | 30 | |
| 5 | | 18 | | 31 | |
| 6 | | 19 | | 32 | |
| 7 | | 20 | | 33 | |
| 8 | | 21 | | 34 | |
| 9 | | 22 | | 35 | |
| 10 | | 23 | | 36 | |
| 11 | | 24 | | 37 | |
| 12 | | 25 | | 38 | |
| 13 | | 26 | | | |

## LES 8: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Afkortings
- Akronieme
- Verkortings

## AFKORTINGS

- 'n Afkorting is 'n verkorte skryfwyse van 'n woord.
- Dit word net in geskrewe taal gebruik.
- Wanneer jy 'n afkorting uitspreek wanneer dit gelees word, word dit as die woord uigespreek.
- Die meeste afkortings kry 'n punt aan die einde.
- Enkelletters kry nie 'n punt nie bv. m – meter.

- **Meeteenhede** kry NIE punte NIE.

| | |
|---|---|
| **liter** | l |
| **meter** | m |
| **kilometer** | km |
| **sentimeter** | cm |
| **millimeter** | mm |
| **kilogram** | kg |
| **gram** | g |
| **kiloliter** | kl |
| **kilojoule** | kj |
| **milligram** | mg |

- 'n Sin begin nie met 'n afkorting nie, behalwe as die afkorting vir 'n titel gebruik word.
  **Bv. Dr. Ferreira is 'n goeie mediese dokter.**

- 'n Koppelteken word gebruik by afkortings wat saam met 'n woord geskryf word.
  **Bv. Die onderwyseres het haar BA-graad in Sielkunde.**

- **Dae van die week** is die eerste twee letters.

| | |
|---|---|
| **Maandag** | Ma. |
| **Dinsdag** | Di. |
| **Woensdag** | Wo. |
| **Donderdag** | Do. |
| **Vrydag** | Vr. |
| **Saterdag** | Sa. |
| **Sondag** | So. |

- **Maande van die jaar** is meestal die **eerste drie letters.**

| | |
|---|---|
| **Januarie** | Jan. |
| **Februarie** | Feb. |
| **Maart** | Mrt. |
| **April** | Apr. |
| **Mei** | Mei |
| **Junie** | Jun. |
| **Julie** | Jul. |
| **Augustus** | Aug. |
| **September** | Sep. |
| **Oktober** | Okt. |
| **November** | Nov. |
| **Desember** | Des. |

Hier volg 'n lys afkortings wat jy moet ken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| administrasie | admin. | lidwoord | lw. |
| as gevolg van | a.g.v. | met ander woorde | m.a.w. |
| agtervoegsel | agterv. | met betrekking tot | m.b.t. |
| byvoeglike naamwoord | b.nw. | met behulp van | m.b.v. |
| bogenoemde | bg. | meervoud | mv. |
| byvoorbeeld | bv. | na aanleiding van | n.a.v. |
| bywoord | bw. | naamlik | nl. |
| sent | c | nommer | no./nr. |
| sentimeter | cm | oorspronklik | oorspr. |
| dit is | d.i. | opskrif | opskr. |
| deur middel van | d.m.v. | paragraaf | par. |
| deelwoord | dw. | rand | R |
| dit wil sê | d.w.s. | redakteur | red. |
| eersgenoemde | eg. | sogenaamde | sg. |
| ensovoorts | ens. | selfstandige naamwoorde | s.nw. |
| hulpwerkwoord | hulpww. | ten opsigte van | t.o.v. |
| in die | i.d. | voorbeeld | vb. |
| infinitief | inf. | vergelyk | vgl. |
| in verband met | i.v.m. | verkleinwoord | vkw. |
| letterlik | lett. | voornaamwoord | v.nw. |
| laasgenoemde | lg. | werkwoord | ww. |

## AKRONIEME

- Akronieme bestaan uit die **eerste letter** van **twee of meer opeenvolgende woorde.**
- Dit word as woorde of letters uitgespreek.
- **Bv. ATKV – A**frikaanse **T**aal- en **K**ultuurvereniging

| | |
|---|---|
| **GPS** | Globale Posisioneringstelsel |
| **MIV** | Menslike Immuniteitsgebreksvirus |
| **KKNK** | Klein-Karoo Nasionale Kunstefees |
| **KZN** | KwaZulu-Natal |
| **RSA** | Republiek van Suid-Afrika |
| **VSA** | Verenigde State van Amerika |
| **DBV** | Dierebeskermingsvereniging |
| **ESKOM** | Elektrisiteitsvoorsieningskommissie |
| **HAT** | Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal |

| | |
|---|---|
| **NASA** | Nasionale Lugvaart- en Ruimte-administrasie |
| **PIN** | Persoonlike Identifikasienommer |
| **SAID (SARS)** | Suid-Afrikaanse Inkomstediens |
| **SASOL** | Suid-Afrikaanse Steenkool, Olie- en Gaskorporasie |
| **VIGS** | Verworwe Immuniteitsgebreksindroom |

## VERKORTINGS

- Verkortings bestaan uit 'n woord se **eerste lettergreep** en die **volgende konsonant.**
- **Bv. Gesk. – Geskiedenis**

| | |
|---|---|
| **antwoord** | antw. |
| **Afrikaans** | Afr. |
| **Augustus** | Aug. |
| **Desember** | Des. |
| **Europa** | Eur. |
| **familie** | fam. |
| **figuurlik** | fig. |
| **minuut** | min. |
| **telwoord** | telw. |
| **verlede** | verl. |
| **voegwoord** | voegw. |
| **persoonlik** | pers. |

## OEFENING:

1. Gee die AFKORTINGS/VERKORTINGS/AKRONIEME vir die volgende woorde:

| WOORD | A/V/A | WOORD | A/V/A |
|---|---|---|---|
| antwoord | | April | |
| asseblief | | Junie | |
| bywoord | | Maandag | |
| bladsy | | Vrydag | |
| dokter | | Sondag | |
| dit wil sê | | sentimeter | |
| ensovoorts | | kilogram | |
| met betrekking tot | | Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging | |

2. Waarvoor staan die volgende AFKORTINGS/VERKORTINGS/AKRONIEME?

| WOORD | A/V/A | WOORD | A/V/A |
|---|---|---|---|
| DBV | | m | |
| d.i. | | bv. | |
| d.m.v. | | t.o.v. | |
| lett. | | Wisk. | |
| nl. | | MIV | |
| v.nw. | | SA | |
| red. | | Afr. | |